Oordenking
24 Augustus 2009

Bly in die genade van die Here

Hand 15: 7 – 11 sê: Petrus het opgestaan en vir hulle gesê: "Broers, julle weet dat God my lankal uit julle geledere gekies het om die evangelie aan die heidennasies (nie-Jode) te verkondig sodat hulle kan glo. En God, wat die harte ken, het dit bevestig deur die Heilige Gees aan hulle te gee net soos aan ons (Jode). Hy het geen onderskeid tussen ons (Jode) en hulle (nie-Jode) gemaak nie: Hy het ook hulle harte deur die geloof gereinig…. Ons, en ook hierdie gelowiges, glo dat ons net deur die genade van die Here Jesus gered word."

Ons glo dat beide Jode en nie-Jode, dit wil sê ons, net deur die genade van die Here Jesus gered word. (Hand 15:11)

Ja, verlossing is gratis. Maar die Christen se reis deur die lewe is een waarin ons daagliks in die genade van die Woord en Gees moet bly. Dan sal die genade ons al hoe meer vrymaak van die mag van sonde en ons laat groei in die vrug van die Gees wat in ons woon.
Hierdie reis duur ons hele leeftyd.
En ons help mekaar langs die pad. Elke dag en elke Sondag bely ons ons sonde en word ons bemoedig as God ons vergewe en as ons ook mekaar vergewe.

Soos ons daagliks groei in die kennis en liefde van God, groei ons in aanvaarding en vergifnis van onsself en van mekaar. Ons doen dit, sodat ons vrygemaak kan word om die genade van God deur die Here Jesus Christus te geniet.

Die feit dat ons, "nie-Jode" mag deel in God se genade is van ouds af bekend, omdat die profete van die Here dit aangekondig het. Ons lees in Hand 15: 13 – 17:
Toe sê Jakobus: "Broers, luister na my! Simon het verduidelik hoe dit God self is wat begin het om na die heidennasies (nie-Jode) om te sien deur vir Hom 'n volk uit hulle te versamel. Die profete sê dieselfde. Daar staan geskrywe:
Daarna sal Ek terugkom, en Ek sal die vervalle huis van Dawid weer opbou, en Ek sal sy bouvalle herstel en dit weer regmaak, sodat al die ander mense die Here kan soek, ja, al die heidennasies wat Ek geroep het om my eiendom te wees."

Mag die Here wat ons uit die duisternis na sy lig geroep het, ons altyd in sy genade laat bly, bewaar en beskerm.